Liewe Vishoek ondersteuners

Dit was lekker om saam met julle te kuier tydens die 30ste viering van die instelling van die Geloofsoffer-beloftes.

Ons eerste deelname aan ‘n Vishoek Sending-naweek was in 2011. Toe ons by die kerk se deure instap sien Magda vir Marina Pieters en besef dis haar niggie wat sy as kind laas gesien het. Dit was ‘n goeie herontmoeting en toe ons as sendelinge aanvaar word was Marina en Michael ons voogde. Toe hulle Nieu-Seeland toe verhuis het Andre en Hanlie Engelbrecht ons “aangeneem”!

Op daardie stadium was ons nog verbonde aan Kingfisher Mobiliseringsentrum en was ons betrokke by sendingmobilisering van leiers in Zimbabwe en in Suid-Afrika.

In 2012 het ons probeer om terug te keer na Turkye toe, maar Theunis is toe toegang tot die land geweier en ons moes terug keer. Kort daarna het Operasie Mobilisasie ons genader om veldleiers te word in Sentraal-Asië. Ons het toe twee jaar (2013-2014) in Azerbaijan en die Repubiek van Georgië gewoon en gewerk.

Toe ons nie ons werks-en verblyfspermitte kon hernu nie, het ons teruggekeer Suid-Afrika toe en by Petra Instituut vir Kinderbediening in Witrivier, Mpumalanga, gaan werk. Ons is opgelei as fassiliteerders van hulle “Walking with Wounded Children” werkswinkel. In 2018 het ons terug gekeer Kaap toe en onder andere die “Walking with Wounded Children” werkswinkel by organisasies wat met jong kinders werk. Ons het die personeel toegerus om kinders wat trauma beleef het deur die trauma te help. Magda het ook by Fisantekraal Centre for Development betrokke geraak en gehelp om Versorgers op te lei wat bejaardesorg in Ouetehuise kan doen.

In 2023 het ons lewens weer verander toe ons klein seun, Luan, gebore is. Ons kinders het gevra dat Magda hom bedags moet versorg as hulle by die werk is. Van Augustus 2023 af, is Magda voltyds by sy versorging betrokke.

Ons het besef dat sy nie meer beskikbaar kan wees om saam met Theunis werkswinkels aan te bied nie. Die meeste werkswinkels wat ons gedoen het vereis twee fassiliteerders. Theunis het geweet hy sal moet dink aan iets wat hy alleen kan doen en wat die gaping in tyd en inkomste wat die werskwinkels gelaat het kan vul.

Theunis het pas ‘n kursus in Mediasie voltooi en hy is nou besig met die proses om as Mediator geakrediteer te word sodat hy as Mediator kan praktiseer en geskille kan besleg.

Waarom Mediasie?

Theunis het ‘n graad in die Regte en is ‘n vredemaker. Hy hou darvan om mense te help: “From Stuckness to Hope”.

In Matt. 5:22-25 sê Jesus dat ons al is ons oppad om te gaan aanbid, en onthou dat ons ‘n geskil met ‘n ander persoon het ons eers die geskil moet besleg voor ons verder kan aanbid.

Mediasie is ‘n manier om ‘n geskil buite die hof te besleg en is baie meer toeganklik en bekostigbaar as ‘n hof saak.

Theunis sien baie uit daarna om binnekort as Mediator te kan praktiseer.

In die lig van hierdie veranderinge in ons omstandighede en fokus, het ons besluit om uit te tree as sendelinge van NG Vishoek.

Dit is “tot siens” maar nie vaarwel nie. Ons sal steeds tydens Sendingnaweke wil kom inloer.

Ons dank God vir julle getroue gebede en offergawes die afgelope 13 jaar. Mag God julle bly seen omdat julle ‘n seen vir ons en baie ander was.

Baie liefde Theunis en Magda

Posbus 22035 Vishoek 7974 • Maandag-Vrydag 08:00-13:00
Tel: 087 822 1527 • E-pos: kerkkantoor@ngvishoek.co.za
Webblad: www.ngvishoek.co.za